



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

10 FEBRUARIE 2019

GEMEENTEBULLETIN

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

EREDIENSTE

OGGENDDIENS

Lig wat groei
Lukas 8:4-15

GESINSDIENS

Geen diens, skakel
in by gesamentlike
diens.

JEUGDIENS

Lig wat groei
Lukas 8:4-15

AANDDIENS

Neem asb. kennis
dat daar a.g.v. die
halfweek van
gebed **geen**
aanddiens va-
naand is nie.

DEURKOLLEKTE

Studente-
bearbeiding
(Sinodaal)

10 Februarie

17 Februarie

Nagmaal

Tyd	Plaas	Diens	10 Februarie	17 Februarie	Spreekers	Wydte
09:00	Kerk	Oggenddiens	Gesamentlike diens	4,9	Dr. Hanekom	1,2
9:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Geen diens	-	Ds. Visagie	6,7
09:00	Kapel	Meditatief	Ds. Potgieter	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootaal	Nuwe lidmate	Geen diens	-	Ds. Breytenbach	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Duvenhage	-	Ds. Breytenbach	-
19:00	Kapel	Aanddiens	Geen diens	-	Mike van Deventer	12

GESAMENTLIKE DIENS VANOGGEND

Vanoggend se gesamentlike diens fokus op onderwys en opvoeding. Ons nooi ALLE opvoeders, ook afgetredenes, wat met kinders en jongmense werk, of gewerk het, om die spesiale erediens by te woon. Daar sal **GEEN** gesinsdiens vanoggend wees nie, maar junior kategese gaan voort.

HALFWEK VAN GEBED 10 FEB. TOT 13 FEB.

Dr. Breda Ludik van die NG Kerk Helderberg is die spreker by ons halfweek van gebed vanaf vanaand tot Woensdag 13 Feb. om 19:00.

Sondag 10 Feb. 19:00 Kleinsaal

Die moeilikste ding om te glo. Efesiërs 3:14-19

Maandag 11 Feb. 19:00 Kerk

Bid soos jy kan en nie soos jy nie kan nie. Psalm 63

Dinsdag 12 Feb. Kerk

Jesus kom kuier by jou. Lukas 19:1-10

Woensdag 13 Feb. Kerk

Op pad ... I Konings 19:1-18 Geen besprekings of koste.

[ON S L U I S T E R N A G O D]

Bladsy 2

JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Ons kort steeds kleingroepleiers vir graad 4 tot 7 om die kategesesteeem optimaal te laat funksioneer. Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- SENIOR KLEINGROEPE: Jeugdiens begin om 18:00 met kleingroepe direk daarna.
- SENIORKLEINGROEPLIERS: Ontmoet om 17:30.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondag vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- DATUM VIR BELYDENISAFLEGGING: 3 Maart. Kontak die jeugkantoor by sunet@stellenberg.co.za vir die nodige aansoekvorms.
- JEUG-TOEP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.

BEROEPING VAN JEUGLERAAR

Tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering gehou op 30 Januarie is ds. Hanno Ackerman van NG Kerk Sonstraal as jeugpredikant beroep. Gemeentelede het nog 'n week (approbasietyd) tyd om goedkeuring vir hierdie beroep te verleen. Bid asseblief steeds vir die proses.

LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *Whatsapp* asseblief jou selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720. Geen groeps gesprekke of gemorspos nie.

OMGEEKOMBUIS BENODIG HELPERS

Ons benodig dames wat belangstel om een Donderdagoggend per maand in die grootsaalkombuis kos te kook vir mense in nood. Kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za of skakel 021 976 4519.

KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2&3: Grootaal

Graad 4: Bover trek

Graad 5&6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Grootaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Bover trek, kafeteria en markplein.

VALENTYNSKAFEE EDELWEISS DIENS- SENTRUM

Op 16 Februarie om 10:00 bied Edelweiss Diensentrum 'n Valentynskafee aan. Koek en tee word teen R30 per persoon bedien. Kaartjies by Edelweiss te koop.

BYBELSKOOL

Neen asseblief kennis dat daar a.g.v. die halfweek van gebed geen Bybelskoolbyeenkoms op Maandag 11 Februarie sal wees nie. Die Bybelskool hervat weer op Maandag 18 Februarie om 19:00 in die kleinsaal. Inskrywings vir die Bybelskool het reeds gesluit.

STELLENBERG-KOSPROJEK

Dra asseblief by tot ons gemeente se kosprojek. Bydraes van niebederfbare produkte, of kontantbydraes, is baie welkom. Elektroniese inbetalings kan gedoen word na: NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing. Vanuit die kosprojek word 30 gesinne in die gemeente en die omliggende omgewing, wat finansiële nood beleef, ondersteun.

WATERNOOD IN KAROO

Hartlik dankie vir almal wat vyfliterbottels water geskenk het. 'n Vragmotor het verlede Woensdag 7 500 liter in Calitzdorp gaan aflaai. Daar word ook binnekort 'n besending na Beaufort-Wes en Merweville gestuur.

WOL

Die breigroep is reeds hard aan die werk om weer serpe en musse vir die Junie-uitreike te brei, maar hulle wolvoorraad is skraps. Skenk asb. wol, enige kleur of soort is welkom. Met een bol wol kan hulle 'n kinderserp brei. Gee asb. bydraes by die kerkkantoor af, of laat in die voorportaal van die kerk, in die wolmandjie onder die trap.

SPEZIALE EREDIENS VIR NUWE LIDMATE

Alle nuwe lidmate wat die afgelope jaar by die gemeente aangesluit het, word uitgenooi na 'n spesiale erediens op Sondag 17 Februarie om 09:00 in die grootsaal. Ds. Marius Breytenbach is die prediker. Die erediens word verkort sodat daar na afloop van die diens geleentheid is om saam te kuier.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 14 Februarie
om 15:00 en 15:45

1 Johannes 3:1-24

Liefde wat meer as een
dag werk(likheid) is!

EDELWEISS HUISBYEENKOMS

Sondag 24 Februarie
18:00

Kies jy vrees, of
kies jy vertroue?

Numeri 13 & 14

ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

ONTVANG DIE BULLETIN OP WHATSAPP

Jy kan die bulletin op jou slimfoon ontvang deur jou selffoonnommer aan Sanël by 083 611 4720 te stuur.

BORG DIE BASAAR

Ons is op soek na klein besighede wat bereid is om by te dra om die basaar se onkoste te borg. In ruil vir die borgskap kan jy jou besigheid d.m.v. plakkaat, of baniere op die kerkterrein tydens die basaar adverteer en jou besigheid se naam sal vir Maartmaand in die gemeentebulletin en op die elektroniese afkondigings in die kerk verskyn. Kontak Sanel by sanel@stellenberg.co.za. Baie dankie aan **MILIEU EIENDOMME** wat een van die basaar se borge is.

VATVYF

Ons het op Woensdag 20 Feb 10:00 'n byeenkoms in die kleinsaal Willem Bamberger – Bonsaiboer (met meer as 500 bonsaiboompies) kom deel sy kundigheid met die kweek en versorging van die boompies. Geen Besprekings nodig nie.

TIENDEMAANDINSAMELING

Ons is opreg dankbaar vir elke lidmaat wat al tot ons tiendemaand-inasmeling bygedra het. Die insameling staan tans op **R 1 408 970**. Bydraes kan nog tot einde Februarie inbetaal word: NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik TIENDEMAAND as verwysing.

BESOEK AAN VOSBURG

Die Vosburg-komitee beoog om Vosburg-gemeente vanaf 26 tot 28 April te besoek. Lidmate word uitgenooi om saam te gaan en die heerlikse plattelandse gasvryheid eerstehands te beleef. Ons woon Vosburg se kerkbasaar by asook die erediens op die Sondag.

Kontak Christine Ferreira by 083 440 2086 of christineferreira68@gmail.com vir verdere besonderhede.

VAKATURE STELLENBERG-GEMEENTE

Gemeentebestuurder (Permanente kontrak, 08:00 tot 15:00).

Dit is 'n bestuurspos en die ideale kandidaat beskik oor 'n naskoolse kwalifikasie, die vermoë om 'n span te lei en te motiveer, asook om probleemareas te identifiseer en op te los. Ervaring van personeel- en fasiliteitebestuur is noodsaaklik. Aansoek: 'n CV met drie verwysings moet per e-pos aan Marguerite Bester, marguerite@stellenberg.co.za, gestuur word.

BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 4 Maart om 09:30 in die markplein bymekaar.

NUWE LIDMATE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddiens by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519.

STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute is ook beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 tot 12:00 by 021 976 8029 gemaak word.